

'n Onstuimige dekade

Naoorlogse krisis

In die nadraai van die Eerste Wêreldoorlog het die jong Suid-Afrikaanse staat sy mees kritieke fase ingegaan. Die land se veiligheidsdienste was nog swak en verdeeld, en die ekonomie het gestagneer. Tussen 1920 en 1923 het die bruto binnelandse produk in geldwaarde afgeneem, met byna geen toename in nywerheidsuitset nie. Die nywerheidssektor en die spoorweë het poste verloor. Terselfdertyd was daar, vergeleke met die eerste twee dekades van die eeu en veral vanweë die geboortegolf wat op die Suid-Afrikaanse Oorlog gevolg het, tussen 1921 en 1926 'n toename van 50% in die aantal wit jeugdige wat tot die arbeidsmark toegetree het. Werkloosheid onder wit mense het skerp toegeneem. In Johannesburg was daar na skatting 3 000 gesinne wat op die rand van hongersnood geleef het. Om sake te vererger het weghol-inflasie tussen 1917 en 1920 pryse met tot 50% laat styg.

Die myne was die kruisvat. Groot getalle immigrantemynwerkers het na Europa teruggekeer om in die Eerste Wêreldoorlog te gaan veg, en op dié manier is 'n ouer en meer konserwatiewe element uit die plaaslike arbeidsmag verwyder. Teen 1918 het Afrikaners die meerderheid uitgemaak van die wittes wat die gevaarlike ondergrondse werk gedoen het. Dit het spoedig geblyk dat hulle die mees radikale groep was wat die myne nog in diens geneem het. In 1920 het die Suid-Afrikaanse Party (SAP) die Unionisteparty geabsorbeer, wat sterk deur die mynmaatskappye gesteun is. Die gevolg was dat die kloof tussen die werkers en die regering verbreed het. Genl. Jan Smuts, wat in 1919 eerste minister geword het toe genl. Louis Botha in die tuig gesterf het, het ná sy lang afwesigheid tydens die Eerste Wêreldoorlog gesukkel om op dreef te kom. Hy het hom spoedig tot sulke strawwe maatreëls gewend dat genl. J.B.M. Hertzog, nadat Smuts in 1922 die staking aan die Witwatersrand onderdruk het, gesê het dat sy voetstap "van die bloed drup".

Stakings en die opstand van 1922 aan die Rand

Naoorlogse inflasie en ontoereikende loonverhogings tussen 1918 en 1920 was vir wydverspreide arbeidsonrus verantwoordelik. In 1918 het swak betaalde sanitêre werkers in Johannesburg vir beter vergoeding geagiteer; in 1919 het munisipale en ander werkers in Bloemfontein om hoër lone gestaak; in 1920 was daar 'n soortgelyke staking in Port Elizabeth waarin negentien swart mense doodgeskiet is, en die Witwatersrand het die grootste staking in die mynbedryf ervaar toe meer as 70 000 werkers hoër lone geëis het. Die staking is met geweld onderdruk, en elf mynwerkers is dood terwyl 120 beseer is. In 'n sekere sin was dit 'n voorbode van wat sou volg.

In 1913 was daar reeds 'n groot staking deur wittes op die goudmyne, oor die erkenning van hul vakbonde. Brandstigting, plundertogte en amperse anargie het oral aan die Rand voorgekom. Die polisie en die leër was nie in staat om die onluste te onderdruk nie, en die nuwe Aktiewe Burgermag (ABM) was nog te swak georganiseer om dit doeltreffend die hoof te bied. Indien die stakerleiers by die onvergenoege plattelandse Afrikaners sou inhaak, sou die bestendigheid van die staat self in gevaar verkeer. Soldate het honderd opstandiges en omstanders doodgeskiet voordat die staking beëindig is. Die regering was verplig om 'n vernederende ooreenkoms met die stakerleiers te onderteken, maar is net ses maande later weer uitgedaag. 'n Staking op die steenkoolmyne in 1914 het na die spoorweë en havens oorgespoel en op 'n algemene staking uitgeloop. Hierdie keer was die regering gereed. Hy het krygswet afgekondig en afdelings van die Staande Mag en

Die staking van myn- en ander werkers aan die Witwatersrand in 1922 het weldra op gewelddadigheid uitgeloop wat hardhandig deur die owerhede onderdruk is. Dit het tot verreikende politieke gevolge gelei. Die foto toon 'n protesvergadering van stakers.



REGS: Die groot staking wat op 1 Januarie 1922 aan die Witwatersrand uitgebreek het, het talle sterftes en groot verwoesting veroorsaak. Op die foto, van die markplein in Fordsburg op 14 Maart ná die regering dit ontsê het, is van die skade duidelik. Nadat die regering in die tweede helfte van Maart die onrus onderdruk gekry het, is talle stakers voor die hof gedaag. Van hulle is 18 ter dood veroordeel, maar uiteindelik is net vier opgehang: C.C. Stassen, S.A. Long, H.K. Hull en J.D. Lewis.



ABM-kommando's ingestuur. Die Engelssprekende leiers van die vakbondfederasie is gearresteer en Smuts het nege van hulle summier en onwettig gedeporteer. Om die staking te breek het Smuts staatkemaak op manne saam met wie hy in die Suid-Afrikaanse Oorlog geveg het. Plattelandse Afrikaners wat vir kommandodiens opgeroep is, het die wapen geesdriftig opgeneem om in Johannesburg "Engelse te gaan skiet".

Die gewelddadigste wit mynwerkerstaking het in 1922 gevolg, met kort op die hakke daarvan verreikende politieke gevolge. Die staking het in Januarie 1922 begin en met tussenposes tot Maart geduur. Aan die wortel daarvan was stygende produksiekoste, 'n goudprys wat nie hiervoor kon kompenseer nie en uiteindelik die radikale stappe wat die goudmynbedryf gedoen het om winsgewend te probeer bly. Die lone van sekere kategorieë werkers is verminder, en ondergrondse werk is reorganiseer sodat swart werkers in halfgeskoolde poste in diens geneem kon word. Die kleurslagboom sou slegs op geskoolde werk van toepassing wees.

Die stakerleiers was hoofsaaklik Engelssprekendes, maar 'n redelike persentasie was Afrikaners. Komitees, wat grotendeels uit Afrikaners bestaan het, het die sogenaamde "staak-kommando's" georganiseer, wat gaandeweg van hul rol as bewakers van die vrede afgewyk en begin het om eerder gewelddadig teen "onderkruipers" op te tree.

Hoewel die klasseradikalisme van die wit mynwerkers buite alle twyfel staan, het dit stewige rassegrense gehad. In die vroeë jare van die 20ste eeu was daar 'n duidelike samevloeiing van klasse- en wit bewustheid oral in die Britse Ryk. Die oënskynlik teenstrydige slagspreuk wat op die baniere van die wit militante uitgebasuin is, was in pas met die algemene neiging van die tyd: "Werkers van die wêreld veg en verenig vir 'n wit Suid-Afrika!" Smuts het voor 'n dilemma gestaan: Hy kon nie bekostig om die Rand se wit werkersmag van die regering te vervreem nie, maar die goudmyne was 'n kolossale bron van inkomste vir die staat. Hy wou nie een van die twee partye in die harnas jaag nie. Tog het hy op die dag dat die staking begin het, die indruk gewek dat hy nie die stakers simpatiekgesind is nie. Hy het gesê: "Indien 'n staking sou plaasvind, sal die regering 'n kring rondom die twee partye trek, sy bes doen om reg en orde te handhaaf en die twee partye dit laat uitbakei." Alhoewel dit sy amptelike houding was, was daar agterdog dat hy tog nie veel druk op die myneienaars uitgeoefen het om te onderhandel nie.

Aan die begin van Maart het dinge tot 'n uitbarsting gekom. Op 7 Maart het al die werkers sonder uitsondering begin staak, maar oproermakers het eie reg gebruik. In die week daarna het die Witwatersrand ongekende geweld beleef. Mense is in die strate aangerand, terwyl onskuldige en weerlose swart mynwerkers weens gerugte van 'n swart

opstand aangeval is. Sabotasie en vandalisme het hoogty gevier. Telefoonrade is afgesny, motors is omgegooi en 'n spoorlyn is opgeblaas. Op 10 Maart het Smuts krygswet afgekondig en inderhaas regeringsmagte ontplooi, bygestaan deur lugsteun, bomme en geskut, masjiengewere en tenks. In Benoni is die stakers se stellings met masjiengeweer- vuur uit die lug bestook en is die mynsaal gebombardeer. Op 17 Maart het die vakbonde die staking afgelas.

Die staking het 'n hoë tol geëis: 43 lede van die leer, 29 polisiebeamptes en 81 burgerlikes is dood, terwyl meer as 650 mense beseer is. Aanklagte is teen nie minder nie as 853 mense aanhangig gemaak, van wie 46 van moord aangekla is. Agttien is ter dood veroordeel, maar die openbare protes wat gevolg het, was sodanig dat slegs C.C. Stassen, S.A. Long, H.K. Hull en J.D. Lewis uiteindelik opgehang is.

In 'n interessante vergelyking het die historikus Jeremy Krikler aangevoer dat die wit werkersklasgemeenskappe van die Witwatersrand in 1922 "nie juis anders gelyk het as die swart werkersklasgemeenskappe wat aan die anti-apartheidopstande van die 1980's deelgeneem het nie". Albei was van die gevestigde orde vervreem, albei was vasbeslote om hulself hoorbaar te maak en albei het onder die optrede van die staat gely.

Ná die staking is die lone van halfgeskoolde wit werkers verminder, en dit het die myneienaars vry gestaan om ondergrondse werk toe te deel soos dit hulle gepas het. Dit het beteken dat halfgeskoolde wittes teen 'n versnelde pas deur goedkoper swart werkers vervang is. Gevolglik het die getalsverhouding tussen swart en wit op die myne van agt swartes teenoor een witte in 1918-1921 tot byna tien swartes per witte in 1923-1926 verander. Hierdie situasie het tot die laat 1930's min of meer onveranderd gebly. Polities was die staking skadelik vir Smuts – sy hantering van die staking is wyd gekritiseer en dit het hom die verkiesing van 1924 gekos.

Bulhoek en die Bondelswarts

In 1921 en 1922 het die Smuts-regering ook by twee geleenthede hard teenoor swart mense opgetree. By die eerste geleentheid was daar 'n swart sekte betrokke: die sogenaamde Israeliete onder die leiding van Enoch Mgijima. Hulle het by Ntabelanga naby Bulhoek in die omgewing van Queenstown in die Oos-Kaap geplak. Die Israeliete, wat ongeveer 1 000 getel het, het gewoonlik daar vergader om die Joodse Paasfees te vier, maar in 1920 'n tabernakel en 'n aantal hutte opgerig sonder om hulle te laat registreer of belasting te betaal. Wittes en swartes in die omgewing het by die regering beswaar gemaak dat lede van die sekte hul beeste op aangrensende grond laat wei, maar hierdie besware het op dowe ore geval. In 'n verduideliking deurdrenk van botone van die duisendjarige ryk het Mgijima volgehou dat hy 'n visioen gehad het dat die einde van die wêreld op hande is en dat Jehova hom opdrag gegee het om daar te bly.

In Desember 1920 het verskeie pogings deur die polisie, die regering en gematigde swart leiers om die Israeliete te oorreed om pad te gee, geen vrugte afgewerp nie. Mgijima het versoek dat Smuts self met die sekte onderhandel, maar Smuts het geweier om dit te doen. In antwoord op die groeiende strydvlugtigheid van die sekte is 'n polisie-eenheid van ongeveer 800 man in Mei 1921 na Bulhoek gestuur. Die polisie het 'n ultimatum uitgevaardig waarin geëis is dat die Israeliete die gebied ontruim; indien hulle dit nie doen nie, sou hul leier gearresteer en hul huise afgebreek word. Die Israeliete het onverskrokke geantwoord dat Jehova aan hul kant sou veg.

Kort daarna het hulle 'n aanval uitgevoer met kieries, assegaaië en swaarde. Die polisie het op hulle geskiet, en meer as 180 mense is gedood en 100 gewond. Die regering het geweier om 'n kommissie van ondersoek aan te wys. In die verhoor van Mgijima en sy "profete" het die regter tot die slotsom gekom dat die tragedie onvermydelik was, maar dat die regering die Israeliete 'n valse gevoel van vertroue laat kry het deur so lank te talm voordat opgetree is. Die voorval het Smuts se persoonlike beeld groot skade berokken, en sy vyande het later na hom as die "slagter van Bulhoek" verwys.

Die Israeliete moet nie as 'n geheel en al geïsoleerde groep gesien word nie. Hulle was deel van 'n beweging van Ethiopiese of onafhanklike swart kerke in Suid-Afrika. Hulle het ook swart weerstand teen wit oorheersing verteenwoordig, en hul geloof in 'n apokaliptiese oplossing onderstreep die beweging se millennialistiese denke.

ONDER: Enoch Mgijima, die leier van die Israeliete-sekte, wat in 1920-1921 groot onrus by Bulhoek naby Queenstown in die Oos-Kaap veroorsaak het. Nadat die polisie talle van die sektelede tydens 'n botsing gedood het, is Mgijima en sommige van sy volgelinge van onrusstokery aangekla. Hy is, saam met drie ander Israeliete-leiers, skuldig bevind en tot ses jaar dwangarbeid gevonnis, maar is reeds in 1923 vrygelaat en het kort daarna die hoeksteen van 'n groot kerkgebou in Queenstown gelê. Hy het in 1928 gesterf.



DIE FLAMBOJANTE CLEMENTS KADALIE

Die Industrial and Commercial Workers' Union of Africa (ICU) was nie van sy flambojante en welsprekende leier, Clements Kadalie, te onderskei nie. Hy is in Transvaal deur T. Mbeki en in Natal deur A.W.G. Champion bygestaan, wat deur groot getalle swartes hooggeag is vir hul vermoë om griewe te begryp en om binne die wit strukture en instellings te werk. So het Champion hom daarop toegelê om hofsake te behartig, en was hy in staat om baie van die werkers se sake teen wit werkgewers te wen.

Swart mense het Kadalie as hul bevryder beskou. Sy gehore is deur sy woorde betower. 'n Man onthou: "Man, ons het gedink dat ons ons land deur Kadalie gaan terugkry." Hy het 'n sterk aanvoeling vir die dramatiese gehad en soms tydens sy toesprake op en neer geloop en dit tot 'n klimaks opgebou deur agtereenvolgens van sy baadjie, onderbaadjie, boordjie en uiteindelik sy das ontslae te raak. Hiermee wou hy op simboliese wyse die tooisels van die Westerse beskawing afstroop en sy plek by die gewone mense herbevestig. Die geskiedskrywer van die ICU, Helen Bradford, wys daarop dat ongeletterde armes wat oorwegend deur middel van die stem, gebare en rituele gekommunikeer het, nie anders kon as om die sosiale betekenis van sulke vertonings te snap nie.

Kadalie is op 'n keer genooi om 'n internasionale vakbondkongres in Switserland by te woon, wat addisionele statuur aan die ICU verleen het. Baie van sy idees is ook deur die ICU se koerant, *The Workers' Herald*, versprei.



Millennialisme is dikwels die laaste toevlug van wanhopige mense. Hierdie uitbarstings kan vertolk word as 'n reaksie op wit beheer wat steeds strenger in die "naturelle-gebiede" toegepas is, tesame met groter industrialisering en 'n toenemende vraag na goedkoop trekarbeid uit hierdie gebiede, veral vir die Witwatersrand.

Die volgende jaar het die regering hom weer eens tot buitensporige geweld gewend – hierdie keer teen die Bondelswarts, 'n groep van gemengde afkoms in Suidwes-Afrika (nou Namibië). Die Bondelswart-rebellie het gespruit uit griewe wat tydens die Duitse besetting ontstaan het toe die groep deel van hul grond verloor het. Toe Suid-Afrika in 1919 'n mandaat oor Suidwes-Afrika ontvang, was die Bondelswarts vol vertroue dat hul stamstatus herstel sou word, dat hulle hul verlore grond sou terugkry en dat hul leiers wat in ballingskap geleef het, toegelaat sal word om terug te keer. Geen van hierdie verwagtinge is verwesenlik nie. Trouens, die Suid-Afrikaanse regering het die Bondelswarts verdere beperkende maatreëls opgelê, onder meer 'n hondebelaasting.

Konflik het uitgebreek toe twee uitgeweke leiers, J. Christian en A. Morris, na die gemeenskap teruggekeer het en deur die polisie in hegtenis geneem is. Die Bondelswarts het weerstand gebied toe die polisie probeer het om vir Morris aan te hou. 'n Mag van 370 man het teen die groep inbeweeg en militêre vliegtuie het begin om die Bondelswarts tot onderwerping te bombardeer. Terwyl daar onder die regeringsmagte net twee ongevallen was, het die soldate 115 mense gedood, met inbegrip van 'n aantal vroue en kinders, en die Bondelswarts moes oorgee.

Nog 'n godsdienstige "profeet" wat in die 1920's sy verskyning gemaak het, was Wellington Buthelezi. Buthelezi was onder die invloed van die leer van Marcus Garvey wat besig was om die "terug na Afrika"-gedagte in Amerika uit te dra. Buthelezi het in 1925 in Transkei begin preek, waar hy te vertelle gehad het dat Amerikaners op die oordeelsdag gloeiende kole uit vliegtuie sou neergooi om swart mense van hul verdrukkers te bevry. Om hul verlossing te verseker, is die swartes aangesê om hul huise swart te verf en hul varke dood te maak.

In 1930 het die regering strenger maatreëls teen weerstandsgroepe ingestel. Die Wysigingswet op Oproerige Byeenkomste van daardie jaar het opstokery tot rassehaat 'n strafregtelike oortreding gemaak en voorsiening gemaak vir die verbanning van politieke leiers uit 'n distrik indien bevind word dat hulle die openbare rus versteur.


Alhoewel hierdie bewegings geen merkbare uitwerking gehad het nie, lê hul belang daarin dat hulle die aandag vestig op plattelandse weerstand wat dikwels verskuil gebly het. Dit weerspreek die opvatting dat swart weerstand net 'n stedelike verskynsel was.

Die SANNC/ANC en ICU

In die 1920's het die South African Native National Congress (SANNC), wat sy naam in 1923 na die African National Congress (ANC) verander het, nie veel vermag om die lewe van swart Suid-Afrikaners te verbeter nie. Met 'n tekort aan geld en 'n swak organisasiestruktuur is dit deur 'n meer dinamiese vakbond oorskadu – die Industrial and Commercial Workers' Union (ICU), wat in 1920 deur Clements Kadalie (kyk kassie) gestig is. Hy het oorspronklik van Njassaland (nou Malawi) gekom.

Die ICU het as vakbond vir die swart en bruin dokwerkers van Kaapstad begin, maar het spoedig in 'n meer omvattende organisasie ontwikkel wat onder sy lede geskoolde sowel as ongeskoolde werkers uit die nywerheid- en landbousektor getel het. Anders as die SANNC het die ICU nie amptelike versoeke tot die owerhede gerig nie, maar 'n meer militante benadering gevolg met die oog daarop om beter werktoestande en hoër lone vir sy lede te beding. Gevolglik het die lidmaatskap vinnig gegroei, hoofsaaklik omdat die ICU vir sy lede hoop op onmiddellike verandering binne die bestaande sosiaal-ekonomiese bestel gegee het. Takke is oral in Suid-Afrika gestig, en in 1925 het die vakbond sy setel na Johannesburg verskuif. Daar was 'n tydstop gedurende die 1920's toe minstens 150 000 werkers tot die vakbond behoort het.

Maar die ICU was nie tot die stede beperk nie. Dit het 'n merkwaardige invloed op swart werkers op party plattelandse dorpe en op plase gehad. Baie plattelandse werkers wat as arbeidspagters op wit plase gewoon het, het hulle in hagglike omstandighede bevind en was veral ontvanklik vir ondertone van millennialisme wat in die toesprake van



baie ICU-beamptes deurgeskemer het. Dit was die enigste beweging wat nie slegs op hul griewe ag geslaan het nie, maar ook vir hulle vryheid belowe het.

Party tradisionele leiers was verheug oor die ICU se versekering van vryheid en herstel van hul grondregte. 'n Aantal Swazi-hoofmanne in die Nelspruit-omgewing het selfs duisende van hul volgelinge daartoe gelei om lede te word. "Verlossing het gekom en dit is die ICU!" het een hoofman gejuig. Die ICU is ook allerweë gesien as die organisasie wat namens swart mense teen onreg opgestaan het. "Ek sien jou" was dikwels die manier waarop die naam (ICU – *I see you*) geïnterpreteer is. Volgens een wit beampte het die letters ICU beteken: "Ek sien jou wanneer jy nie die Bantoe beskerm nie."

Oor die algemeen kon die ICU as organisasie nie daarin slaag om doeltreffende aktivisteleierskap te bied nie. Dit het 'n herverspreiding van ekonomiese en politieke mag geëis, maar het geen duidelike beeld gehad van hoedat dit bereik moes word nie. Die vakbond het te dikwels gemeen dat protes gelyk aan druk is, en 'n groeiende lidmaatskap aan toenemende welslae. Daar was geen konsekwente strategie nie. In 1924 het Kadalie selfs met Hertzog se Nasionale Party geflikflooi, ondanks laasgenoemde se verhouding met die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty wat openlik die beleid van "Werkers van die wêreld verenig vir 'n wit Suid-Afrika" verkondig het.

Kadalie het weinig kans gehad om by so 'n betrokkenheid baat te vind, en dit is nie vreemd dat hy nie daarin kon slaag om enige konsessies te verkry nie. Hy het eweneens onrealistiese verwagtinge oor die ICU se verbintenis met die internasionale vakbondwese gekoester. Aansienlike energie en geld is bestee om plaaswerkers te help, en hoewel 'n paar geringe suksesse behaal is, was dit ten koste van die konsolidering en organisering van die werkers in die stedelike gebiede met groter potensiaal vir sukses.

Hierdie flaters was rampspoedig. Die ICU kon nie stakingsaksies bevorder waar dit kennelik geregverdig was nie, en toe daar in 1927 spontane stakings aan die Witwatersrand en in Durban voorkom, was die organisasie nie in staat om steun te bied nie. Gevolglik het die ICU aansienlike geloofwaardigheid ingeboet, en ondanks sy militante retoriek kon hy daarna nooit werklik herstel nie.

Die leiers het nie organies vanuit die werkersklas ontwikkel nie, en alhoewel hulle geensins welgestel was nie, het hulle tog 'n vakbond-aristokrasie verteenwoordig. Daar was selfs nog meer fundamentele probleme. Baie van die werkers was trekarbeiders en derhalwe nie volledig tot die stedelike en industriële milieu verbind nie. Vergelyk met vandag was slegs 'n klein deel van die swart bevolking in die destydse klein nywerheidsarbeidmag opgeneem.

Mettertyd het daar twee faksies binne die ICU ontstaan. Daar was diegene wat ten gunste van meer militante aksie was, en dié wat gematigdheid voorgestaan het. Dit, saam met geldelike probleme, was vir die geleidelike agteruitgang en uiteindelijke ondergang van die ICU teen ongeveer 1930 verantwoordelik. Hierdie organisasie neem nogtans 'n belangrike plek in die geskiedenis van swart arbeid in. Dit was nie slegs die eerste swart vakbond nie, maar het ook gehelp om die swartes van hul uitbuiting bewus te maak. Verder het dit deur tradisionele loyaliteite heen gesny in 'n poging om swart mense as werkers te verenig.

Die agteruitgang en verdwyning van die ICU het nie die einde van die georganiseerde

'N REVOLUSIE IN TWEE FASES

Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) is in 1921 gestig. Aanvanklik het die leiers die wit werkersklas beskou as die tussengroep wat 'n revolusionêre alliansie tussen wit en swart werkers sou smee. In die finale fases van die Randse Staking van 1922 was die leierskap in die hande van 'n militante Raad van Aksie wat uit Afrikanernasionaliste en "Marxistiese sosialiste" bestaan het. In die 1924-verkieping het die SAKP sy steun stilswyend aan die Paktkoalisie van Arbeiders en Nasionaliste toegesê, maar ontgogeling het spoedig gevolg. Die aandag het nou na die swartes verskuif, en die party het begin om die ANC te bearbei. Teen 1926 was sowat 1 600 van die SAKP se 1 750 lede swart.

'n Belangrike strategiese verandering is in 1927-1928 deur James la Guma, sekretaris-generaal van die Kaapstadse tak, en Josiah Gumede, ANC-president, ingelei. Terwyl hulle 'n kongres bygewoon het wat deur die kommuniste in België geborg is, het hulle 'n mosie ingedien wat "die reg op selfbeskikking deur die volkome omverwerping van kapitalisme en imperialistiese oorheersing – die beginsel van Afrika vir die Afrikane" onderskryf het. Op uitnodiging van die Kommunistiese Internasionale het hulle Moskou besoek.

Onder druk van Moskou het die SAKP in 1928 'n nuwe beleid aanvaar om "'n onafhanklike natuerepubliek as 'n stap in die verwesening van 'n revolusie van werkers en kleinboere" te bewerkstellig. Volgens hierdie plan sou Suid-Afrika hom in 'n koloniale posisie bevind waarin sosialisme in twee stappe verwesening sou word: 'n nasionalistiese demokratiese revolusie waarin die kommuniste alliansies met swart "hervormingsgesindes" sou smee ten einde wit oorheersing omver te werp. Slegs nadat swart mag gekonsolideer is, sou as tweede stap 'n sosialistiese revolusie volg.

Gumede kon nie steun hiervoor in die ANC werf nie en is in 1930 as president vervang. In die dekade daarna het die ANC byna tot niet gegaan, en aanvanklik het die kommuniste ook baie van hul aanhang verloor. Maar wat wel gebore is, was die kerngedagte van 'n alliansie tussen kommuniste van alle kleure en swart nasionaliste.

ONDER: *Die lewe in 'n trekarbeiderhostel. Mynwerkers moes kamers deel met soveel as twaalf van hul makkers en nog plek in die beknopte ruimte vind vir omtrent al hul aardse besittings.*

OORKANT BO: *F.S. Malan, 'n vooraanstaande Kaapse liberaal. In 1936 het hy voorgestel dat die Kaapse gekwalifiseerde swart stemreg uitgebrei word na die ander provinsies. "Hou een standaard vir die kieser, maak die toets so hoog soos jy wil, maar as die man daardie standaard bereik, moenie 'n onderskeid maak nie; behandel hom soos 'n regmatige burger van die land," het hy geargumenteer.*

swart vakbondbeweging en gesamentlike werkersoptrede beteken nie. Verskeie swart vakbonde het in sy voetspore gevolg. 'n Bydraende faktor was die instel van 'n Loonraad tot wie georganiseerde arbeid vertoë kon rig oor loon- en werkkwessies. In die jare daarna het stakings en boikotte dikwels voorgekom. Een hiervan was 'n anti-pas-veldtog in Durban in 1930, waartydens die Durbanse leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP), Johannes Nkosi, in 'n skermutseling met die polisie dood is.

Ondertussen het die SAKP 'n fundamentele koersverandering ondergaan, en was die party nou besig om 'n naturellerepubliek voor te staan (kyk kassie op p. 249).

'n Raamwerk vir segregasie

Die vernaamste wit politieke partye het steeds die hersenskim van 'n "witmansland" nagejaag. Swart mense het toenemend 'n stedelike aanwesigheid geword. Teen 1912 was daar reeds 420 000 swart inwoners in die dorpe en stede in die gemeenskaplike of "wit gebied", dus 'n derde van Suid-Afrika se stedelike bevolking en 13% van die totale swart bevolking. Krotbuurte het vinnig in die buitewyke van die stede verrys. Die wit munisipaliteite het die krot-



buurte op 'n planlose manier bestuur en gewoonlik 'n wins daaruit gemaak terwyl die bewoners self min in ruil vir hul huurgeld en belasting gekry het. Ernstige siektes soos tuberkulose het 'n ideale broeiplek in die gesonde en stampvol bousels gevind.

Smuts kon dit nie rym met sy idee dat die wittes as trustees vir die swartes behoort op te tree nie. “Die naturelle het sonder sorg na ons stede gekom,” het hy gesê. “Hulle het ons siektes opgedoen, en gevind dat ons wit beskawing vir hulle 'n vloek is . . . Die Naturelle-vraagstuk is so groot. Ons weet so min daarvan.” Hy het geglo dat behoorlike behuising en behoorlike beheer oor swart mense in die stedelike gebiede 'n verpligting van die staat is. Indien dit hierdie verpligting sou aanvaar, sou Suid-Afrika “een van die grootste skandvlekke wat op ons beskawing rus”, verwyder.

Ondertussen was verdere druk vir segregasie aan die opbou. In 1922 het 'n kommissie vir plaaslike regering in Transvaal onder een van die bekendste Engelssprekende voorstanders van segregasie, kol. C.F. Stallard, voorgestel dat swart mense in die stedelike gebiede slegs nodig is om “in die behoeftes van die wittes” te voorsien en dat hulle uit die stede moes padgee sodra hulle “opgehou het om hierin te voorsien”.

Smuts het op die oordeel van sy vriend en 'n toonaangewende Kaapse liberaal, F.S. Malan, staatgemaak, wat die minister van mynweese was en waarskynlik die leiding geneem het in die wetsontwerpe oor stedelike swartes wat tussen 1917 en 1923 aanvaar is. Malan het van die veronderstelling uitgegaan dat swartes gesamentlik nie 'n bedreiging is nie. Hy het 'n visie gehad van “naturelledorpië” waar swart mense wat “beskaafd was, tuis kon voel en kon ontwikkel”. Vanweë hul aandeel aan die status quo kon hulle 'n bolwerk teen arbeidsonrus en politieke agitاسie vorm.

Omdat Smuts self in “klassewetgewing” geglo het, het hy vir Malan toegelaat om in hierdie trant te praat. Sodanige wette het 'n onderskeid gemaak tussen die “gewone naturel” wat nog nie “uit die barbaardom verrys” het nie, en die meer “gevorderde” swart mense wat in hul eie dorpië oor hul eie maatskaplike probleme beheer kon oorneem. Die Wetsontwerp vir Naturelle Stedelike Gebiede wat die Smuts-regering in 1923 aan 'n raadgewende naturellekongres voorgelê het, het in die vooruitsig gestel dat gevestigde swartes vrypageiendom sou kon bekom.

Maar die wit politiek het die stadium bereik waar enige sodanige verbetering gesien sou word as 'n ondergraving van die aanspraak op 'n witmansland. Hertzog het hierdie aanspraak in 1922 uitgestippel: “Die [naturel] kry sy eie gebied waar alle regte aan hom toegestaan sal word. Hy kan in ons land woon, maar hier kan hy op geen regte aanspraak maak nie. Die teenoorgestelde is ook waar.” Indien swart mense vrypageiendom sou verkry, waardeur hulle “witmansland” sou bekom, sou hulle spoedig “die wit man se stemreg” eis. Dit sou “'n kwessie van lewe en dood vir die blanke beskawing” wees. Smuts het ingegee en die bepaling wat eiendomsreg toeken, is uit die wetsontwerp verwyder. Dit is aanvaar en as die Wet op Naturelle Stedelike Gebiede gepromulgeer.


Swart woongebiede het 'n verwaarloosde stiefkind van stedelike administrاسie gebly. Om skande by skade te voeg, het die wet die formule aanvaar wat eerste deur die munisipaliteit van Durban ontwikkel is om die woonbuurte te finansier. Die vernaamste bron van inkomste was die opbrengs uit die verkoop van sorghumbier aan mense wat dié produk nêrens anders kon koop nie. Hoe meer die swart mense gedrink het, hoe meer geld sou daar vir behuising en ander noodsaaklikhede wees.

Die Uniegrondwet van 1909, die Naturelle Grond Wet van 1913 en die Wet op Naturelle Stedelike Gebiede van 1923 was vir die res van die eeu die grondslag van die beleid jeens swart mense. Die Naturelle Grond Wet was van die allergrootste belang. Aangesien dit geen nuwe grond beskikbaar gemaak het nie, het die reservate gou oorbevolk geraak, en die beperkte geleenthede vir individuele eiendomsbesit is verder deur die tradisionele Afrika-steu vir gemeenskaplike eiendomsbesit aan bande gelê.

Onder party van die meer liberale wittes het die geloof bly voortbestaan dat indien die swartes meer grond sou kry, hulle dié beleid sou aanvaar. In 1923 het Selby Msimang van die African National Congress gesê dat swart mense met gebiedsegregasie tevrede sou wees indien die Naturelle Grond Wet die helfte van die grond in die land vir swart besit sou afstaan. Maar teen hierdie tyd het elke wit leier geweet dat om die helfte of selfs 'n



ONDER: J.B.M. Hertzog, wat die Nasionale Party in 1913 in Bloemfontein gestig het. In sy eerste termyn as eerste minister, van 1924 tot 1929, het sy party die grondslag gelê vir die semistaatsektor in Suid-Afrika met die skep van Yskor (vir die vervaardiging van staal) en Eskom (as elektrisiteitsverskaffer). Saam met Jan Smuts, die leier van die Suid-Afrikaanse Party, het Hertzog die Verenigde Party gestig wat in 1936 die wetsontwerp voorgestel het wat swart kiesers in die Kaapprovinsie van die stemreg ontnem het en die reservate se grondgebied verdubbel het.



OORKANT BO: *As die digter van die nuwe volkslied, "Die stem van Suid-Afrika", is die volkskrywer en stryder vir die Afrikaanse taal, C.J. Langenhoven (1873-1932), al beskryf as "die man wat aan wit Suid-Afrika 'n stem gegee het". Hy het ook in 1914 die voorstel in die Kaapse Provinsiale Raad ingedien ingevolge waarvan Afrikaans as onderrigtaal tot en met standerd 4 (nou graad 6) erkenning gekry het.*

OORKANT ONDER: *Die Duitse sendeling-nakomeling Christian Frederik Louis (C. Louis) Leipoldt (1880-1947) het met sy natuur- en ander gedigte 'n groot bydrae tot die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal gelewer. As mediese inspekteur van skole in Transvaal ná Uniewording vestig hy ook die aandag op die destydse haglike gesondheidstoestand van baie van die armblankekinders in dié provinsie, o.m. in die herinneringe aan dié tydperk van sy lewe wat hy in 1937 te boek gestel het in Bushveld Doctor.*

kwart van die grond aan die swartes te gee, 'n geweldige politieke prys sou verg. Die wittes het gaandeweg selfs begin glo dat sowat 90% van Suid-Afrika "witmansland" was.

'n Raamwerk vir wit arbeid

Alhoewel die Smuts-regering ernstig deur die staking van 1922 geskud is, het dit daarteen besluit om die kleurslagboom op die myne uit te brei. Dit het verbeterde opleiding vir wittes as 'n beter uitweg beskou. In 1923 het F.S. Malan, minister van myne en nywerhede, aan die Parlement verduidelik dat hy nie die kleurslagboom wou uitbrei nie. "Dit is 'n vernedering vir die wit man om te sê dat hy kunsmatig teen die naturel en die bruin man beskerm behoort te word . . . Die rede waarom 'n aantal [wit mynwerkers] vandag in gevaar verkeer, is dat hulle nie doeltreffende mynwerkers is nie." Die wit werkers het nie die mynskole gebruik om opgeleide werkers te word nie. Hulle het as leerlinge na die myne gegaan, het Malan gesê, "en leerlinge het hulle gebly".

Alhoewel Smuts bereid was om wit arbeid tegemoet te kom, het hy gevoel hulle moet nie "alles tiranniseer" nie. 'n Wetlike kleurslagboom was 'n erkenning deur wittes dat hulle nie met swartes kon meeding nie en dat hulle hul toevlug tot wette moes neem wat menseregte en billikheid skend. Hy het dit nie oorweeg om die stemreg aan die swart mense te gee nie, maar ook geglo dat "geen statutêre beletsel op die naturel wat hom in die skaal van beskawing wil ophef, geplaas behoort te word nie". Dit was nodig om toe te sien dat "geen onreg teen enige ander deel van die samelewing gepleeg word nie".

Die Smuts-regering het nietemin 'n groot verskuiwing in die stelsel van nywerheidsbedinging op tou gesit, waardeur 'n voordeliger bedingingsposisie vir wit werkers gewettig is. Onder die ou stelsel is vakbonde nouliks geduld en het destruktiewe stakings oor die kleurslagboom heen losgebars. Die Nywerheidsversoeningwet van 1924 het voorsiening gemaak vir wetlik bindende ooreenkomste met nywerheidsrade wat uit werkgewerverenigings en wit, of merendeels wit, vakbonde bestaan het. Werkgewers sou nie toegelaat word om stakende werkers uit te sluit nie, en werkers sou nie toegelaat word om te staak voordat die raad probeer het om die konflik by te lê nie. Maar werkers wat in 'n vakbond georganiseer was, moes hul vernaamste wapen, die blitsstaking, prysgee.

Aan die ander kant het die masjinerie vir nywerheidsversoening wit en bruin werkers bevoordeel deur "pasdraers" (waarmee swart mense bedoel is) van vakbondlidmaatskap uit te sluit, waardeur aan vakbonde onder wit leierskap 'n oorheersende rol in die bepaling van beroepstrukture en toegang tot opleiding en lone gegee is.

Voor die verkiesing van 1924 het die Nasionale Party (NP) en die Arbeidersparty ooreengekom om 'n Pakt te vorm om mekaar se kandidate teen die SAP s'n te ondersteun. Van die 135 setels het die NP 63 gewen en die Arbeidersparty 18, teenoor die SAP se 53. Hertzog kon 'n regering vorm, en die SAP het 'n verbysterende nederlaag gely (sien kassie).

Die Hertzog-regering wat ná die belangrike verkiesing van 1924 aan die bewind gekom het, het 'n wapen bygevoeg wat die staat teen werkgewers kon gebruik wat wit arbeid wou verdring – die Loonwet van 1925. Dit het die verantwoordelike minister in staat gestel "om dieselfde minimum lone vir wit en swart te bepaal". Die veronderstelling was dat indien swart en wit lone op dieselfde vlak vasgestel word, werkgewers wit werkers sou verkies. Die regering en sy opvolgers het suinig met hierdie wapens gewerk. Die prioriteit was om die ekonomie, en dan veral die mynbedryf, in staat te stel om te groei en werk te verskaf. Verskeie kompromisse is tussen die regering en die mynboubedryf aangegaan. Daar is nie verwag dat laasgenoemdes sou help om die armblankeprobleem op te los deur arm blankes in diens te neem of hulle selfs besonder goed te betaal nie. (Wit mynwerkers se lone het eers teen die einde van die 1930's begin styg, maar dié van swart mynwerkers het nie voor die vroeë 1970's in reële terme begin verbeter nie.)

Maar die regering wou nie besluite duld waardeur die bedryf kon probeer om sy wit werkerskorps skerp te verminder nie. 'n Wysiging van die Wet op Myne en Werke is aangebring om wit mynwerkers teen vervanging te beskerm. In 1932 het die Kamer van Mynwese 'n kommissie meegedeel dat die myne met 'n "aanmerklik kleiner aantal" wit mynwerkers oor die weg kon kom; maar so 'n beleid was nou nie meer 'n opsie nie. Wit mynwerkers het van 22 099 in 1922 tot ongeveer 28 000 in 1930 toegeneem.

DIE SAP-NEDERLAAG VAN 1924

Daar was kort- én langtermyn-redes vir die nederlaag van die SAP in die 1924-verkie-sing. Sy genadelose onderdrukking van die 1922-staking het hom baie van sy arbeidersteun, asook swart en bruin stemme in die Kaap, gekos. Gedeeltes van die swart bevolking het die Pakt geopponeer, maar die swart leierskap het ook nie veel trek vir die SAP – met sy gebrek aan 'n duidelike rassebeleid – gehad nie. “Geen beleid, geen stem,” was die oproep wat van die Kaapse African National Congress uitgegaan het. Die nasionale leierskap van die ANC het 'n telegram aan die leiers van die Kaapse swart en bruin kiesers gestuur om hul stemme téén die SAP uit te bring. Volgens *Die Burger* het die meeste bruines vir die Pakt gestem.

Binne die wit gemeenskap was daar ook onverwagte ondersteuning. *The Star* het

berig dat party kommuniste besluit het om die Pakt te steun. Hierdie ontwikkelings het Smuts daartoe gebring om te verklaar dat “die Rooi Vlag na Suid-Afrika gekom het” en dat die land hiermee 'n voorsmaak kry van waartoe dit onder 'n Pakt-regering gereduseer gaan word. Party wit Engelssprekendes het ook die NP se beleid oor segregasie met simpatie bejeën. Edgar Brookes, 'n latere prominente liberaal, het gemeen dat Hertzog se beleid tereg daarop gemik was om nie slegs 'n paar individue nie, maar “die Bantoe in sy geheel” op te hef. Hy het in 1927 steeds die reservate as “'n nuttige hulpmiddel” beskou “om administrasie te fasiliteer”.

Op die lange duur kan die nederlaag van Botha en Smuts se SAP gesien word as die hoogtepunt van 'n proses wat reeds in 1912 begin het. Aanvanklik het die Afrika-

ners Botha en Smuts oor hul leierskap in die Suid-Afrikaanse Oorlog gesteun. In daardie oorlog was albei generaals, en Hertzog ook. Nadat Hertzog in 1912 uit die Bothakabinet weggelaat is, het die SAP begin om Afrikaanssprekende steun te verloor. Die NP het gaandeweg sterker geword. In 1920 het die SAP die Unionisteparty geabsorbeer. Dit het beteken dat die Engelssprekendes nie meer so verdeeld was nie, maar die prys wat Smuts betaal het, veral op die platteland, was 'n verdere verlies van Afrikanersteun.

Hertzog se posisie is verder deur twee Afrikaanse koerante versterk, *Ons Vaderland* in Transvaal en *Die Burger* in die Kaap. Laasgenoemde het die invloedrykste Afrikaanse koerant geword, 'n posisie wat dit vir die res van die eeu sou beklee.

Die Pakt-regering en Afrikanerbelange

Hertzog se regering wou verseker dat aan sowel die Afrikaners as die Afrikaanse taal ruim ondersteuning gegee word. Die SAP wou die Afrikaanse taal en kultuur bevorder sonder om spanning tussen Afrikaans- en Engelssprekendes te veroorsaak, maar in werklikheid het daar, terwyl hy aan die bewind was, min van die beginsel van tweetaligheid tereg gekom. In 1925 was daar, uit 'n totaal van 13 000 staatsamptenare steeds 3 792 wat slegs Engels kon praat, en net twaalf wat slegs Afrikaans kon praat.

D.F. Malan, minister van binnelandse sake in die Pakt-regering, het mettertyd gesorg dat daar meer tweetalige amptenare in die staatsdiens aangestel word, wat beteken het dat die aantal Afrikaanssprekendes toegeneem het. Teen 1931 het die etniese samestelling van die staatsdiens anders gelyk as voorheen. Daar was nou 36% Afrikaanssprekendes teenoor 64% Engelssprekendes, maar in die hoër betaalde poste was daar nog steeds aansienlik meer Engels- as Afrikaanssprekendes.

In die vroeë 1920's was die Afrikaanse taal en kultuur nog steeds in hul ontwikkelingsfase. Skrywers soos C. Louis Leipoldt, C.J. Langenhoven, Totius en Eugène Marais het getoon dat Afrikaans die potensiaal het om 'n lewendige en beeldende medium te wees. Met die erkenning van Afrikaans as 'n amptelike taal op 27 Mei 1925 was die lang evolusieproses van 'n gesproke taal tot 'n geskrewe taal uiteindelik voltooi. 'n Gekose komitee van die Parlement het bevind dat Afrikaans voldoende ontwikkel het om as 'n regs- en administratiewe medium gebruik te word. In die Parlement is 'n tweederdemeerderheid vir die aanvaarding van Afrikaans as 'n amptelike taal maklik verkry, hoewel heelparty Engelssprekendes nie hul verontwaardiging oor statutêre tweetaligheid kon wegsteek nie. Die Hertzog-regering het ook £25 000 tot die daarstel van 'n Afrikaanse woordeboek, die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, bygedra. Met regeringsteun het die vertaling van die Bybel in Afrikaans so goed gevorder dat dit in 1933 voltooi en gepubliseer is. Teen die laat-1920's was daar dus, wat Afrikaans en die Afrikaner betref, duidelike tekens van 'n kulturele stuwings. Dit sou in die 1930's voortduur, maar het nou 'n politieke dimensie bygekry: 'n herlewing van die republikeinse ideaal.

